

**16 April**

Skrifgedeelte: Ester 2:1-18

## **Bly in God se regeermag glo ten spyte van jou beproewing**

Dit is dikwels makliker om God se onverstaanbare regeerplanne te aanvaar as dit jou nie persoonlik raak nie. Wanneer dit byvoorbeeld oor moeilike landsomstandighede of beproewinge in die kerk sou gaan, dan kan gelowiges dit nog op 'n manier aanvaar. Dit word egter moeiliker wanneer jy persoonlik betrek word by God se onbegryplike regeermag. Wanneer dit boonop met hartseer en beproewing gepaard gaan, word dit nog moeiliker.

Ester word op gewelddadige wyse betrek by die planne van die koning om Vasti as koningin te vervang. Sy word gedwing om deel te neem aan die skoonheidskompetisie van die koning, en in die proses beleef sy diep beproewinge. Sy word gedwing om te kies tussen haar lewe en 'n nag van ontug saam met die koning (wat deel was van die beoordelingsproses). En alhoewel sy hier verkeerd moes kies om te bly lewe, toon vers 15 dat sy nie die geleentheid gebruik om verder te sondig nie, maar dat sy haar lewe oorlaat in die hand van die Here. Hy voorsien ook vir haar iemand om haar by staan. Die optrede van Mordegai is hier 'n skadubeeld van Christus. Hy het hom in liefde oor ons ontferm en vir ons sonde aan die kruis gesterf sodat ons kan bly leef.

Al verstaan jy nie die begin of einde van jou beproewinge nie, glo dat die Here ook dit in sy Koninkryk gebruik. Deur hierdie beproewing heen word Ester koningin en sou sy later tot haar volk se redding kom. So gebeur dinge met 'n doel ook in jou eie lewe. Weet verseker dat jy nie alleen is nie. Christus is daar vir jou: Hy troos jou, Hy tree in vir jou sonde. Gee jou lewe in sy hand.

Sing: Psalm 37:1-5

Ds P Venter (Potchefstroom-Oos)